01/05/2023

SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – MEI 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

➢ Boodskap van Genl.Maj (Aft) Gert Opperman, President van die SA Infanterievereniging (SAIV)

Dit was vir my as Infanteris 'n groot eer toe die Nasionale Uitvoerende Raad (NUR) my einde verlede jaar genader het om my as President van die SAIV beskikbaar te stel. My eerste reaksie was negatief, omdat ek, by name, aan verskeie beter kandidate kon dink, maar ook omdat ek soveel ysters in die vuur het. Ek was seker dat iemand anders waarskynlik 'n meer verdienstelike kandidaat sou wees, wat die pos met groter beskikbaarheid en toewyding sou kon vul.

Na verskeie gesprekke het ek nietemin wel ingestem. Die besluit was op die volgende gebaseer:

1. Die uitnemende voorbeeld wat deur verskeie voorgangers in die pos gestel is. Graag word in besonder hulde gebring aan onder andere lt.genl (Aft) Raymond Hotzhausen en wyle brig.genl John Lizamore.
2. Die toewyding en harde werk van die lede van die NUR, ten spyte van dikwels baie moeilike persoonlike omstandighede.
3. Die onderneming van die NUR dat ek nie by die dag-tot-dag bestuur van die SAIV betrek sou word nie.
4. En meer as enigiets anders, 'n pligsbesef teenoor die derduisende Infanteriste wat oor die jare hulle beste in belang van die land en sy Weermag gegee het. Hulle verdien om 'n eie veteranetuiste te hê wat na hulle belange kan help omsien.

Die SAIV kan potensieel een van die grootste militêre veterane organisasies (MVO's) wees, maar dit is nie waaroor dit gaan nie. Ons kompeteer nie met enige ander MVO nie en is bereid om, nie in eie belang nie maar in belang van ons lede, hande te vat met alle ander belanghebbendes. Kom ons konsentreer eerder op gesonde, verantwoordbare leiding, bestuur en administrasie, waardegebaseerde besluitneming en sistematiese, volhoubare uitbreiding van ons voetspoor. Dit moet gedoen word waar daar ookal genoeg Infanteriste is wat op soek is na 'n eie veteranetuiste en bereid is om mede-aanspreeklikheid vir die suksesvolle bedryf en uitbouing daarvan te aanvaar.

Ons durf nooit die offers en nagedagtenis te vergeet van diegene wat saam met ons gedien het, of die van hulle naasbestaandes nie. Kom ons wys dit by die verskillende amptelike herdenkingsgeleenthede, maar meer nog deur die wyse waarop ons in diens staan van die wat agtergebly het. Daartoe verbind ek myself graag wat die pad vorentoe betref.

Infanteriegroete

Gert Opperman
President SAIV

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

  - Die verjaarsdagsteen vir Mei is die Smaragsteen (Eng: Emerald), groen van kleur, en simboliseer lojaliteit en getrouheid.
  - Die edelstene op die borssak van die priesters in Eksodus 39 vers 13 se eerste ry bestaan uit karneool, topaas en smarag.
  - In Openbaring 4 vers 3: "Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag."
  - Die edelsteen van die vierde fondament van die heilige stad Jerusalem is smarag (Openbaring 21 vers 19).

- **Spoedige Beterskapwense aan**

  - Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, in versorgingsoord.
  - Brig. Genl. Lee Le Crerar, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Isa Vorster, Vossie se eggenote, gaan vir 'n rugoperasie op 19 Mei 2023.
  - Geoff Holland-Muter, NUR Lid, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Joggie Boers, NUR Lid, ontvang weereens mediese sorg.
  - Chris le Roux, Voorsitter Centuriontak, ontvang mediese sorg.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Pinelands in hospitaal, ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, NUR Lid, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.

- **Koringkorrel** [Engels: Spiritual 'nuggets'] Na aanleiding van Ps 23 vers 2.

"God gee voortdurend aan sy kinders; nogtans verminder sy skatte nie. Sy rykdom word uitgedeel, maar nie aangetas nie." [Thomas Watson]

- **'n Mondvol**

  "Behandel jou meerdere met beleefdheid omdat dit jou plig is; jou gelyke omdat dit jou plesier is; jou mindere omdat dit jou voorreg is." [Langenhoven]

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane.

  - **Dubbeltjie** skryf: 'n Jong vroulike student kry 'n huweliksaanbod van 'n mede-student, maar sy het nie sin vir die vriend nie.
    Sy antwoord: "Ek is jammer ek kan nie jou aanbod aanvaar nie, maar jou goeie smaak sal my tot in lengte van dae bybly."